

ANALISE VAN DIE OPBOU, ARGUMENTASIEGANG EN PRAGMATIEK VAN DIE GALATEBRIEF: 'N MEER GEDETAILLEERDE OORSIG

A B du Toit

Abstract

Analysis of the structure, argument and pragmatics of Galatians: a more detailed overview

Following on a previous article in this journal a more detailed overview is presented, describing the structure, argument and pragmatic thrust of Galatians down to the level of its constituent pericopes and paragraphs. Although Galatians is in more than one respect a highly emotional document, its overall pattern displays strong cohesion and a consistent persuasive focus.

1 Inleidend


In 'n vorige artikel in hierdie tydskrif¹ is 'n analise van die makrostruktuur, die verloop van die argumentasie en die oorkoepelende pragmatiek van Galasiërs aan die orde gestel en beredeneer. Soos destyds in vooruitsig gestel, word nou "tot op mikrovlak" na bogenoemde gekyk. Die frase "tot op mikrovlak" beteken hier dat die interne samehang minstens tot op perikoopvlak, maar meesal tot op paragraafvlak beredeneer word.

Vooraf is dit belangrik om kortliks aandag te gee aan wat in hierdie artikel met "kolon", "kolongroep", "paragraaf" en "perikoop" bedoel word. Die kolon word verstaan as die kleinste linguistiese eenheid wat op die parolevlak nog sinvol selfstandig funksioneer. 'n Kolongroep bevat twee of meer eng samehorende kolons, maar is in die reël kleiner as die paragraaf. Die paragraaf bestaan gewoonlik uit twee of meer eng samehorende kolongroepe. Twee of meer eng verbonde paragrawe vorm 'n perikoop, alhoewel 'n enkele paragraaf en 'n perikoop soms kan saamval.

2. Sketsmatige voorstelling van Galasiërs se opbou tot op perikoopvlak


SKETS A

Perikope



Omskep in die betoogtrant van Galasiërs, kan hierdie makrostrukturele verhoudings perikoopgewys soos volg uitgespel word:

SKETS B



Ten grondslag van hierdie aanbieding lê 'n kolonindeling van die hele Galatebrief wat deur 'n komitee van die Paulusgroep van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap uitgewerk is², maar wat begryplikerwys onmoontlik hier aangebied kan word.³

3 Beredenering van die interne samehang en betoogverloop van die onderskeie perikope en perikoopgroeperinge binne die makrostruktuur van Galasiërs

A Perikoop 1 (Gal 1:1-5): Briefaanhef (vgl Sketse A en B)

Die afbakening van hierdie perikoop word deur die gebruiklike drieledige vorm van die briefaanhef, bestaande uit 'n *superscriptio* (v1-2a), *adscriptio* (v2b) en 'n *salutatio* (v3-5), bepaal. Sy besondere lengte - op een na die langste in die *corpus paulinum* - is egter opvallend. Dit is te wyte aan die volgende drie uitbreidings op die basiese patroon van die Pauliniese briefaanhef:

- 1 Die breë kwalifikasie van Paulus as apostel (v1).
- 2 Die soteriologiese kwalifikasie by "Jesus Christus onse Here" (v4).
- 3 Die afsluitende doksologie (v5).

Die "status-oprigtende" kwalifikasie van Paulus as ἀπόστολος οὐκ ἀπ' ἀνθρώπων οὐδὲ δι' ἀνθρώπου ἀλλὰ διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ θεοῦ πατρὸς τοῦ ἐγείραντος αὐτὸν ἐκ νεκρῶν is buitengewoon sterk. Dit wil hier, by die beslissende beginfase van die interaksie tussen geïmpliseerde skrywer en lesers, eersgenoemde profileer as buitengewone, Goddelik gesanksioneerde gesagsfiguur met die implikatuur dat ook sy evangelie Goddelik gesanksioneer en geverifieer word en dat dit diametraal teenoor die bloot menslike "evangelie" van die rejudaïserende opponente staan. Hierdie sterk antitiese kwalifikasie (vgl ook die toutologiese οὐκ ἀπ' ἀνθρώπων οὐδὲ δι' ἀνθρώπου) waarby Jesus Christus sowel as God as finale gesagsfigure ingebring word, word nog verder versterk deur die karakterisering van God met behulp van die bekende opwekkingsformule⁴ wat, soos elders (1 Kor 9:1; 15:8), nie alleen 'n verband tussen Paulus se apostelskap en die opgewekte Christus lê nie, maar onderstreep dat dit die skeppingsmagtige (vgl Rom 4:24), die "über den Tod Jesu siegreiche Gott"⁵ is wat sy apostolaat borg.

Binne die simboliese *universum* van skrywer en lesers word die vestiging/-hervestiging/verbreking van godsdienstige oortuigings en alliansies grootliks deur belangrike gesagsfigure ("significant others") en magsverhoudings beïnvloed. Die geïmpliseerde outeur speel dus hier 'n hoë argumentatiewe troef.

Die wyse waarop Paulus sy apostelskap presenteer, kontrasteer sterk met die takties-delikate wyse waarop hy dit in die Romeinebrief doen. Die rede hiervoor is uiteraard die groot verskil in retoriese situasie: *hier* in Galate rig hy hom tot gemeentes wat deur sy apostoliese arbeid tot stand gekom het en wat hom met hulle dreigende afvalligheid nou as't ware met die rug teen die muur het; *daar* gaan dit om 'n aantal vir hom nog redelik onbekende huisgemeentes wat hy moet oorreed om hom te aanvaar.⁶

Die wyse waarop Paulus hier sy apostelskap in die brandpunt stel, moet ons egter nie daartoe verlei om, soos so dikwels in die verlede gedoen is, die Galatebrief as 'n verdediging van sy apostelskap te benader nie. Dit gaan immers nie om Paulus se apostelskap as sodanig nie, maar, soos reeds uit verse 6 tot 9 blyk, om die aard van sy apostelskap *in soverre dit die waarheid van sy evangelie* raak.⁷

Die θεός-ἄνθρωπος teenstellingspaar wat in die *superscriptio* na vore tree, word weer vanaf vers 10 opgeneem en speel 'n belangrike rol in die voortgaande argument, soos later sal blyk.

Dieselfde geld van die breë soteriologiese inbedding (v4) by die voorafgaande κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ (v3). Die verwysing na Jesus Christus se heilbrengende sterwe neem die χάρις van die *salutatio* inhoudelik op en tipeer reeds hier die kern van Paulus se evangelie: as *genade-evangelie* is dit 'n *kruis*evangelie - 'n motief wat soos 'n Ariadnedraad deur die hele brief loop (vgl veral 2:20v; 3:1,13v; 4:5; 5:1v; 6:12,14) en wat deurgaans in sy opposisie tot 'n "evangelie" van wetswerke verstaan moet word.

Die doksologie wat aan die *salutatio* geknoop word, is uniek in die Paulusbriewe, trouens ook in die hele Nuwe-Testamentiese briefliteratuur. Dit wil waarskynlik kompenseer vir die opsetlike weglating van 'n dankseggings- of lofprysingsgedeelte.⁸

B Perikoop 2 (Gal 1:6-10): Aanloop tot hoofbetoog (vgl sketse A en B)

Vanweë die duidelike afsluiting van die briefaanhef in Galasiërs 1:5 bied die aanvang van ons perikoop geen probleem nie. Sy einde skep egter probleme. In my vorige artikel is gemeld dat die skarnierfunksie van vers 10 dit problematies maak of hierdie vers anafories met die voorafgaande of katafories

met die volgende gedeelte verbind moet word. Soos aldaar gestel, dui die bekendmakingsformule γνωρίζω γὰρ ὑμῖν in kombinasie met die renominerende ἀδελφοί nietemin sterk op 'n nuwe inset in vers 11, onder meer in die lig van die feit dat 'n soortgelyke kombinasie in al die ander gevalle by Paulus nuwe eenhede inlui.⁹

Ten gunste van direkte binding met vers 11 sou aangevoer kon word dat die "God-mens" kontras in vers 10 die uitvoeringe vanaf vers 11 voorberei. Hierteenoor geld egter die ewe sterk inhoudelike binding van vers 10 met vers 1. In albei laasgenoemde verse kom nie net die "God-mens" kontras voor nie, maar ook die direkte verband tussen hierdie kontras en Paulus se roeping. Op hierdie wyse word 'n ringskomposisie in verse 1-10 gevorm wat die briefaanhef en die aanloop tot die hoofbetoog enger saambind. Die verwysings na Paulus se Christusdiens in genoemde twee verse vertoon 'n interessante chiasiese rangskikking:

(vers 1)	Παῦλος	ἀπόστολος	Ἰησοῦ Χριστοῦ
(vers 10)	Χριστοῦ	δοῦλος	ἡμῖν

Norman Petersen¹⁰ gaan selfs nog verder. Hy vind 'n chiasiese rangskikking in die geheel van verse 1-10:

- A apostel nie vanweë mense nie, maar deur Jesus Christus (1:1)
- B Christus het Homself vir ons sonde gegee (1:4)
- B1 sommige verdraai die evangelie van Christus (1:6-9)
- A1 ek behaag nie mense nie, maar is 'n slaaf van Christus (1:10)

Of ons met Petersen saamstem of nie - reeds die voorafgaande argumentasie spreek daarvoor dat vers 10 nog as deel van die voorafgaande beskou moet word.

In al Paulus se ander briewe volg daar na die briefaanhef in dieselfde posisie as die Hellenistiese *formula valetudinis* òf 'n danksegging vir die geestelike stand van die geadresseerdes¹¹ òf 'n losprysing. Bevreemdend genoeg is dit nie hier die geval nie. 'n Eventuele lofprysing het verskrimpel tot 'n enkele relatiewe sin, aangehang aan die *salutatio* (v5). Die rede hiervoor is klaarblyklik: Paulus wil in die spesifieke retoriese situasie van Galasiërs geen danksegging of uitgebreide lofprysing uitspreek nie. Ons weet nie of sy Galasiese lesers bewus was van sy gebruik om in die gleuf van die *formula valetudinis* 'n danksegging of lofprysing uit te spreek nie. Die feit

dat hy egter versuim om enige uitspraak te maak wat selfs aan die *formula valetudinis* herinner, is reeds op sigself 'n retoriese skoktegniek wat aansluit by die snydende inleidende θαυμάζω (v6).

Petersen tipeer hierdie perikoop as 'n "anti-danksegging".¹² Wat die strekking van sy inhoud betref, is hierdie tipering inderdaad geldig. *Formeel* is dit egter so dat ons perikoop nie in die gleuf van 'n danksegging staan nie, maar in dié van 'n aanloop tot die briefcorpus. Daarvoor getuig die insig dat θαυμάζω as briefcorpus-inleiding 'n epistolêre konvensie weerspieël¹³ en elders nie noodwendig die *formula valetudinis* vervang nie, maar daarop kan volg.

Waar ons in 'n brief soos Romeine in die aanloop tot die briefcorpus 'n aanduiding van die briefftema kry, is die vraag of dit nie ook in Galasiërs die geval is nie. Soms word die tema van hierdie dokument eerder rondom vers 11 gesoek. Oepke-Rohde beweer byvoorbeeld verse 10-11 "leiten über zu dem Thema des ganzen Briefes, speziell des erstens Teils".¹⁴ Juis hierdie laaste nuansering is egter veelseggend. Ons het reeds gemotiveer waarom 'n skeiding tussen verse 10 en 11 gemaak behoort te word. Vers 11 sluit dus katafories aan by wat volg, en dien in daardie konteks eerder as inleiding en tematisering van Galasiërs 1:11-2:21. Verse 10-11 sou bowendien nie werklik goed kon dien as oorkoepelende tema van die hele Galatebrief nie, omdat die "God-mens" teenstelling wel belangrik is, maar tog moeilik oorkoepelend die inhoud van die hele brief kan saamvat.

Wat Galasiërs 1:6-10 betref, kry ons hier, ten minste in die oppervlakaanbieding, geen duidelike temaformulering soos in Romeine nie. Dit is egter opmerklik dat die woorde εὐαγγέλιον en εὐαγγελίζομαι in hierdie perikoop vyf keer voorkom en daarby nog drie keer in pronominalisasies. Ons perikoop word inderdaad oorheers deur die antitese tussen die ware, deur Paulus verkondigde kruisewangelie (waarna selfs die ἐν χάριτι Χριστοῦ verwys) en waarvan hy die kern so pas vooraf in vers 4 saamgevat het, en die sogenaamde "ander ewangelie" wat in werklikheid geen ander ewangelie is nie (vgl sy *correctio* in v7). Hierdie antitese loop dwarsdeur die semantiese dieptestruktuur van Galasiërs en is die knooppunt waar al die belangrikste motiewe van hierdie brief saamkom. Alhoewel hier negatief geformuleer, val die hoofaksent op die positiewe daarstelling van die een, ware, naamlik die *Pauliniese* ewangelie. Dit is immers die ewangelie van en aangaande Christus (1:6v, 16; 4:19; 5:4), die ewangelie van *genade* (1:6,15; 2:21; 5:4), van die *kruis* (1:4; 2:19-21; 3:1; 5:11; 6:12,14), van die regverdigmaking *uit geloof* (2:16,20; 3:2-6,7-14,21-29; 5:5v), van *redding* (1:4;

3:13v), van die *waarheid* (2:5,14; 5:7), van *vryheid* (2:4; 4:21-31; 5:1,13). Vanuit die dieptestruktuur van 1:6-10 en in die lig van die res van die Galatebrief sou ons dus uit hierdie perikoop as tema van die hele dokument kon ekstrapoleer: *daar is net een ware Evangelie, die kruisewangelië van genade sonder die vereiste van wetswerke*, met ander woorde: *die Evangelie soos deur Paulus verkondig*. Galasiërs se *pragmatiese gerigtheid* sou wees om die Galasiërs met alle moontlike strategieë en literêre tegnieke te oorreed om na hierdie ewangelië terug te keer.

Om genoemde oorredende doel te bereik, maak Paulus in ons perikoop veral gebruik van die tegnieke van *skok* en *vervreemding*: deur middel van die prominente beklemtoning van sy eie verbasing en die huiweringwekkende besweringsuitsprake teen die verdraaiers van die ewangelië, word sy lesers geskok en van die opponente vervreem.

Vanweë hulle besondere belangrikheid is in enigsins groter detail by die inleidende gedeeltes van Galasiërs stilgestaan. Die gedeeltes wat nou volg, sal meer oorsigtelik aan die bod kom.

C Perikope 3-13 (Gal 1:11-4:11): Argumentatiewe fase (vgl sketse A en B)

C1 Perikope 3-6 (Gal 1:11-2:21): Eerste argument

Hiermee kom ons by Galasiërs se hoofbetoog, wat na ons oortuiging uit twee hoofdele bestaan: 'n argumentatiewe en 'n appellerende. Die eerste is primêr gerig op die lesers se *logika*, die tweede op hulle *emosie* en *wil*. Daarom gaan dit in die argumentatiewe fase (1:11-4:11) eerstens om die *Goddelike herkoms*, die *waarheid* van die Pauliniese ewangelië teenoor die *menslike karakter* van die "ander ewangelië" (1:11-2:21) en tweedens om die *rykdom* van die ware ewangelië teenoor die *armoede* van die valse ewangelië (3:1-4:11). In die tweede, meer appellerende fase (4:12-6:10) gaan dit veral om die sterk emotiewe en op die wil afgestemde *vryheidsmotief*.

Die afbakening van die begin van hierdie perikoopgroep (3 - 6) is reeds beredeneer. Sy einde word gemarkeer deur die beëindiging van die eerste persoon narratiewe styl in 2:21 en die begin, met 'n sterk appellatief, van 'n diskursiewe gedeelte (wat bowendien 'n reeks nuwe tematiese merkers vertoon)¹⁵ in 3:1vv.

In hierdie eerste argument word 'n aantal episodes interpreterend aan die orde gestel om die argument te staaf. Ons kan hierdie narratiewe gedeelte, hoofsaaklik op grond van sy afsonderlike episodes wat telkens deur

'n temporele merker ingelei word, maar soms ook op grond van 'n aantal kleiner episodes wat eng saamhoort, soos volg in vier perikope verdeel: 'n inleidende gedeelte 1:11-12 (perikoop 3), 'n kleiner episoderits 1:13-24 (perikoop 4), 'n daaropvolgende episode 2:1-10 (perikoop 5) en 'n laaste episode wat in 'n afrondende betoog uitmond 2:11-21 (perikoop 6).

Die doel van hierdie eerste argument is om die lesers deur middel van die vertelling van 'n aantal beslissende episodes uit die "Paulusverhaal" van die Goddelike herkoms en daarom van die outentisiteit van die Pauliniese evangelie te verseker. In 1:11-12 met sy plegtige bekendmakingsformule wat die belang van die daaropvolgende uitspraak beklemtoon, dien die opstapeling van negatiewe (οὐκ ἔστιν κατὰ ἄνθρωπον, οὐδὲ παρὰ ἀνθρώπου) gevolg deur die kulminatiewe positief (δι' ἀποκαλύψεως Ἰησοῦ Χριστοῦ) primêr om die tema van 1:11-2:21, naamlik die nie-menslike oorsprong van Paulus se evangelie aan die orde te stel. Hierdie "God-mens" kontras, wat reeds in 1:1 begin het, loop dwarsdeur perikoop 4. Teenoor Paulus se menslike, al te menslike, Judaïstiese verlede (1:13v) staan die vrymagtige Goddelike openbaringsdaad (1:15v - vgl die heropname van die ἀποκάλυψις-motief). Hy raadpleeg daarna nie "vlees en bloed" (1:16) nie, ook nie sy apostoliese voorgangers nie (1:17). In die laaste twee paragrawe (=episodes) van hierdie perikoop gaan hierdie antitese voort: Paulus se onafhanklikheid van die apostelkring (1:18-20) en van die Judese gemeentes (1:21-24) word uitgelig. 'n Plegtige parentetiese eed beklemtoon eersgenoemde (1:20).

Perikoop 5 (2:1-10) voer die argument verder: nadat Paulus reeds telkens sy onafhanklikheid van menslike intervensie beklemtoon het, beskryf hy nou hoe hy op grond van Goddelike inisiatief (weer eens ἀποκάλυψις - 2:2) sy evangelie eers aan die Jerusalemse Christengemeenskap en daarna aan die leierfigure aldaar voorgelê het. Indien die doel van hierdie voorlegging sou gewees het om 'n goedkeuring-stempel te verkry, sou dit 'n streep trek deur alles wat Paulus tot dusver in verband met die Goddelike sanksionering van sy evangelie geskrywe het.¹⁶ Daarom moet sy doelwitformulering in vers 2d verstaan word as kommer¹⁷ oor die moontlike verydeling van sy werk op grond van misverstand, kritiek en verdagmaking.¹⁸ Daarom word daar in die positiewe reaksie van die οἱ δοκοῦντες ook geen gewag gemaak van goedkeuring van Paulus se evangelie nie, maar gaan dit om die *erkenning* van sy evangelie en sy bediening (2:9v).¹⁹ Die spits van hierdie perikoop lê dus daarin dat die Jerusalemse leiers nie alleen die geldigheid van Paulus se evangelie erken het nie, maar hom saam met Barnabas boonop as gelykwaardige kollegas erken het deur aan hulle die "regterhand van

gemeenskap" te gee. Hierdeur word die argument aangaande die outentisiteit van Paulus se evangelie dus nog 'n stappie verder gevoer.

Die weergawe van die Antiogië-insident (perikoop 6: Gal 2:11-21) bring verdere progressie: waar Paulus se evangeliebediening tydens die Jerusalem-ontmoeting as geldig en gelykwaardig erken is, toon die Antiogië-konfrontasie Paulus se *meerdere insig in en trou aan die evangeliewaarheid* (τὴν ἀλήθειαν τοῦ εὐαγγελίου - 2:14)²⁰: hy repudieer selfs vir Petrus. Toe laasgenoemde die evangelie begin rejudaïseer deur terug te val in reinheidsobservasie, staan Paulus hom, een van die "pilaar-apostels", trompop (κατὰ πρόσωπον) voor almal (ἔμπροσθεν πάντων) teen. Wie hom dus op die Jerusalem-apostels teen Paulus sou wou beroep, moet goed weet wat hy doen!

Uit die teks se bewoording is dit nie sonder meer duidelik waar Paulus se woorde aan Petrus veronderstel is om te eindig nie. Die skynbaar ongestoorde voortgang van die "gesprek" skep die indruk van 'n deurlopende eenheid. Tog kry hierdie passasie vanaf 2:15 steeds meer die karakter van 'n besinnende teologiese betoog wat afgestem word op die situasie van die Galasiese gemeentes. Daarom meen verskeie kommentatore dat die uitval met Petrus by vers 14 eindig.²¹ Smit²² beskou egter die hele 2:14-21 as deel van Paulus se verset teen Petrus. Oepke-Rohde²³ neem 'n interessante tussen-posisie in, naamlik "dass der Verfasser sich zwar der Sache nach mit an die Leser wendet, die Form der Anrede an Petrus aber bis zum Ende des Kapitels beibehält". Hierdie standpunt is wesenlik korrek, maar dan met die nuansering dat die "vertelde" Paulus al hoe meer van die formele gespreksituasie met Petrus wegbeweeg tot hy uiteindelik in 2:19-21 die Antiogeense gespreksituasie bloot nog as agtergrond behou. Galasiërs 2:18, met sy paradigmatische "ek", vorm 'n soort brug tussen die gespreksmatige voorafgaande deel en die meer besinnende paragraaf 2:19-21. Ons beskou 2:15-21 dus wel nog as deel van perikoop 6, maar onderskei 2:15-18 en 2:19-21 as afsonderlike paragrawe.

Eersgenoemde paragraaf vertoon semantiese kohesie rondom die tematiese merkers ἀμαρτωλοί (vgl ook ἀμαρτία en παραβάτης); δικαιούμαι, πίστις/πιστεύω, νόμος (ἔργα νόμου) en Χριστός ('Ιησοῦς). Vir die eerste keer in Galasiërs tree die inhoudelike kontras tussen die twee "evangelies", as synde 'n kontras tussen 'n evangelie van regverdiging deur die geloof *versus* 'n "evangelie" van regverdiging op grond van wetswerke, op die oppervlakaanbieding van die teks na vore. Dienooreenkomstig funksioneer die πίστις-woordgroep in die sin van *fides qua creditur* (4 keer)²⁴, die δικαιούμαι-

groep (5 keer), νόμος (6 keer waarvan 3 keer saam met ἔργα) nou vir die eerste keer as tematiese merkers.

Die verstaan van veral vers 17 bied buitengewoon veel probleme en hieroor is al geweldig baie geskrywe.²⁵ Metodologies moet daaraan vasgehou word dat hierdie uitspraak binne sy onmiddellike konteks sin moet maak, dit wil sê dat dit op die een of ander wyse met die Antiogeense kontrovers verband moet hou en nie maar bloot vanuit die algemene *theologoumenon* van die regverdiging van sondaars deur die geloof verstaan behoort te word nie. Dit geld veral spesifiek vir die verstaan van die woord ἁμαρτωλοί in vers 17. Daarom behoort die korrelasie tussen ἁμαρτωλοί in 2:15, asook in 2:17, en παραβάτης in 2:18 raakgesien te word.²⁶ Al drie gevalle verwys na die Antiogeense insident, met ander woorde na "sonde" in die sin van Petrus en sy mede-judaïseerders, as synde in hierdie geval die oortreding van reinheidswette en nie in die dieper religieus-etiese sin van die woord nie. Dienoreenkomstig gaan dit in vers 15 daarom dat die heidene sondaars is in dié sin dat hulle nie aan die reinheidsvereistes voldoen nie. Die "ons" van vers 17 moet na oordeel van die Judaïseerders as ἁμαρτωλοί bevind word omdat hulle saam met heidene eet en dus die reinheidsvoorskrifte verontagsaam. Die implikasie hiervan sou kon wees wat in die retoriese vraag aangaande Christus gestel word²⁷: dat laasgenoemde die sonde bevorder deurdar die gelowiges, deur hulle aanvaarding van die geregtigheid deur die geloof, die reinheidswette verontagsaam. Hulle doen dus sonde in die sin van die Judaïseerders. En die paradigmatische "ek" van 2:18 is 'n παραβάτης omdat hy eers die kultiese voorskrifte "afbreek" - soos Petrus toe hy saam met die heidene geëet het - en daarna, deur hulle weer "op te bou", homself as oortreder bevestig, naamlik toe hy hulle verontagsaam het.

Naas Galasiërs 2:11-14 en 2:15-18 vorm 2:19-21 'n laaste paragraaf binne perikoop 6 omdat dit die Antiogië-insident enersyds nog in die agtergrond het, andersyds tog 'n mate van selfstandigheid vertoon. Die belangrikste tematiese merkers is nou die kontraspaar ζάω - ἀποθνήσκω (vgl συνσταυροῦμαι), asook ἐγώ en Χριστός. Paulus beklemtoon in hierdie paragraaf enersyds die radikaliteit van sy gestorwenheid vir die wet (vandaar die onmoontlikheid om vir 'n oomblik aan rejudaïsering toe te gee) en andersyds die totaliteit van sy lewensoorgawe aan God/Christus. Net soos χάρις in Galasiërs 1:3 vergesel is van 'n verwysing na Jesus Christus se opofferende en heilbrengende kruisdood (1:4), geskied dit ook hier (2:20-21).

Betz²⁸ plaas besondere gewig op 2:15-21 wat hy, vanuit retoriese perspektief, as 'n *propositio* beskou: "Placed at the end of the last episode of

the *narratio* (ii:11-14), it sums up the *narratio*'s material content. But it is not part of the *narratio*, and it sets up the argument to be discussed later in the *probatio* (chapters iii and iv)."²⁹ Hy is hier egter besig om die eienskappe van die retoriese *propositio* op die teks af te dwing. Eerstens is 3:15-21 nie werklik 'n opsomming van die eerste argument se inhoud nie. In daardie geval sou die oorkoepelende inhoud van hierdie eerste argument, naamlik dat Paulus sy evangelie van God ontvang het en nie van mense nie, sterker moes gefigureer het. En eweneens word hier nie werklik 'n opstelling gegee van die betoog wat in hoofstukke 3-4 aan die orde kom nie. In laasgenoemde geval sou 'n mens hier 'n antispasie verwag het van motiewe soos die ontvangs van die Gees, erfgenaamskap van Abraham, die seëninge van die Abrahamverbond, die kindskap van die gelowige en vryheid. Betz se verleenheid word duidelik wanneer hy enersyds moet erken dat die verse 19-20 "an *extremely concise summary* of the argument to be elaborated upon later"³⁰ is, en andersyds in sy behandeling van Galasiërs 3-4 nie oortuigend kan aantoon hoe hierdie *propositio* daadwerklik daarin uitgewerk word nie. Weliswaar word die baie belangrike motief van regverdiging deur die geloof *versus* regverdiging deur die werke van die wet hier op tafel geplaas en figureer dit later prominent, maar dit op sigself maak 2:15-21 nog nie 'n weergawe van die argument van Galasiërs 3-4 nie. Wanneer Betz³¹ voorts beweer dat die gedagte van die inwonende Christus van 2:20 later weer in 3:2-5 en 4:6 terugkeer, en ook nog in hoofstukke 5 en 6 waar dit gaan om die lewe deur die Gees, is hierdie stelling eintlik slegs geldig ten opsigte van 6:11-17. Ook kan nie heeltemal met Lategan³² saamgestem word dat die soteriologiese uitspraak van Galasiërs 2:20 die "subject matter" en "content" van hoofstukke 4-6 uitmaak nie. Dit sou selfs enigsins te sterk wees om saam met Schlier te beweer dat die uitsprake in 2:17 en volgende verse "den in Kap 3 und 4 entwickelten Grundgedanken *programmatisch voraus*" neem.³³ Ons sou egter wel kon sê dat die basiese motief van Galasiërs 3 in 2:15-21 *antisiperend na vore tree*, naamlik die opposisie van die regverdiging deur die geloof *versus* regverdiging deur wetswerke.

Met sy eksistensiële geformuleerde, byna belydenismatige uitspraak dat die evangelie wat Paulus van God ontvang het, 'n totale afsterwe van jouself, en daarom ook van die wet as heilsmiddel, en 'n totaal nuwe lewe in en vir God in Christus Jesus beteken, word Galasiërs 2:19-21 'n klimaktiese hoogtepunt vir die eerste, hoofsaaklik narratief-ingekelede argument C 1. Terselfdertyd word die belangrike antitese tussen regverdiging deur geloof en regverdiging deur wetswerke reeds in 2:15-18 *antisiperend* op tafel

geplaas en word die afsluitende gedeelte van die eerste argument in hierdie opsig dus 'n voorbereiding vir en oorgang na die tweede argument in C 2.

C 2 Perikope 7-13 (Gal 3:1-4:11): Tweede argument

Oor die einde van hierdie eenheid heers daar sterk meningsverskil.³⁴ Na my mening moet daar by 4:12 'n nuwe inset gemaak word. Vanaf hierdie vers kry ons 'n direkte appèl wat gekenmerk word deur 'n meer pastorale toon. Afgesien van die Sara-Hagar allegorie is dit nie meer so sterk teologies-beredenerend as die voorafgaande nie. Galasiërs 3:1-4:11 word saamgebind deur 'n hele reeks tematiese merkers wat eng by mekaar aansluit³⁵ en wat vanaf 4:12 duidelik onderbreek word. Verder vorm perikope 7 en 13 'n *inclusio* wat in albei gevalle die Galasiërs aanspreek op die *dwase* (vgl 3:1,3 en 4:9) karakter van hulle optrede wat dreig om 'n stempel van "vergeefsheid" (vgl ἐκκλ in 3:4 en 4:11) op hulle Christenwees te plaas.

Volgens Betz se retoriese skema kom ons by Galasiërs 3:1 by die *probatio*, die beslissende deel van die rede wat die argumentatiewe bewys moet lewer. "*Exordium and narratio are only preparatory steps leading up to this central part.*"³⁶ Ons kan met Betz saamstem in soverre as hierdie gedeelte wel die teologiese swaartepunt van Galasiërs uitmaak. Hierdie waarneming is egter nie afhanklik van die vraag of hierdie deel wel deur die skrywer as 'n *probatio* gevisualiseer is nie. Om die narratief-ingeklede argument van 1:11-2:21 op grond van 'n retoriese skema tot bloot 'n "preparatory step" te degradeer, laat bowendien nie reg geskied aan die groot gewig wat Paulus deur middel van sy breë uitvoerings in C 1 klaarblyklik self daaraan heg nie (vgl 1:11-12). Die historiese argument is vir Paulus baie belangrik en daarom meer as bloot 'n "statement of facts and not a proof."³⁷

Op die oog af skep hierdie gedeelte 'n verwarrende indruk. Dit wil voorkom asof in hierdie perikoopgroep 'n reeks argumente opgestapel word wat moeilik onder een oorkoepelende noemer byeengebring kan word. Betz verdedig hierdie verwarrende indruk met die stelling dat daar vir die retorici van Paulus se tyd niks verveliger kon wees as "a perfect product of rhetorical technology" nie.³⁸ Paulus het egter hierdie *apologia* vir sy aanbieding nie nodig nie. Dit is wel so dat die vinnige heen en weer van gedagtes en die onderbrekings (bv deur Ou-Testamentiese sitate) 'n verwarrende indruk kan skep. Nietemin word hierdie gedeelte sterk deur 'n oorkoepelende argument saamgebind, soos hopelik uit ons verdere bespreking sal blyk.

Perikoop 7 dien as inleiding tot die hele argument. Dit word saamgebind deur die kontraspaar ἐξ ἔργων νόμου/ἐξ ἀκοῆς πίστεως (3:2,5). Die oorheersende merker is egter die πνεῦμα (3:2,3 en 5 - vgl ook δυνάμεις). Dit is van groot belang dat die vraag wat die Galasiërs uit hulle toestand van "getoordheid" (3:1) moet ruk, naamlik of hulle die evangelie uit die doen van wetswerke of uit die boodskap van die (regverdiging deur die) geloof ontvang het, twee keer prominent gestel word (vv2 en 5). Die beantwoording van hierdie beklemtoonde vraag is duidelik vir Paulus baie belangrik. En dit is net so duidelik dat daar maar een antwoord moontlik is. Betz is van mening dat ons hier by die retoriese *interrogatio* gekom het waar die verdediging die ooggetuies van 'n gebeure direk ondervra en hierdie ondervraging besondere gewig dra.³⁹ Heel moontlik het ons hier, binne briefkonteks, inderdaad 'n toepassing van hierdie besonder effektiewe retoriese tegniek, soos ons byvoorbeeld ook telkens die tegniek van retoriese vrae en antwoorde kry.⁴⁰

Die beklemtoonde vraag na die basis waarop die Galasiërs die Gees ontvang het, verlang van die lesers die erkenning dat hulle die Gees op grond van die regverdiging deur die geloof ontvang het en nie deur die doen van wetswerke nie. Waar perikoop 7 die openingsperikoop vir C 2 is, ontstaan nou die vraag of hierdie hele perikooprits nie onder die teken staan van hierdie selfde argument nie. Ek meen dit is wel die geval. In die voortgaande bespreking sal aangetoon word hoe die betoog dat gelowiges, en in hierdie geval meer spesifiek die Galasiërs, die *Gees besit op grond van die kruisewangelie soos dit deur Paulus aan die Galasiërs verkondig is*, die wese van Paulus se tweede argument uitmaak. Die spits van hierdie argument is duidelik: die feit dat die Galasiërs die Gees op grond van die prediking van die regverdiging deur die geloof ontvang het, bewys die waarheid van die Pauliniese evangelie.

Voordat verder gegaan word, vra die probleemuitspraak in Galasiërs 3:4 ons aandag. Soos hierdie vers normaalweg vertaal word, gaan dit om lyding wat die Galasiërs verduur het. Dit maak in die konteks egter geen goeie sin nie. Die werkwoord πᾶσχω kan egter ook 'n positiewe betekenis in bepaalde kontekste hê.⁴¹ Daarom sou ons hierdie uitspraak eerder soos volg moes verstaan: Het julle hierdie dinge, dit wil sê die Geestesontvangs en wat daarmee saamgegaan het, dan tevergeefs *beleef* - dit wil sê indien dit wel tevergeefs was? Die "tevergeefs" moet dan in die konteks waarskynlik verstaan word in die sin van: sonder dat julle die regte insig daaruit ten opsigte van die waarheid van my evangelie verkry het. Hierdie vers het dus ook te make met die ontvangs van die Gees en, moontlik, met die kragwer-

kinge (vgl ἐνεργῶν δύνάμεις - v5) wat daarmee gepaardgegaan het. Die Skrifbewys moet die geïmpliseerde antwoord op Paulus se vraag bevestig: ook die Skrif getuig vir die ontvangs van die Gees op grond van die geloofs-geregtigheid alleen.

Πίστις is in perikoop 8 'n belangrike tematiese merker. Reeds Brinsmead⁴² het opgemerk dat Paulus in hierdie gedeelte gebruik maak van die *mot crochet*-metode waar 'n motief aan die einde van een passasie die tema van die daaropvolgende een "sinjaleer". Nadat die πίστις-woordgroep aan die einde van perikoop 7 na vore getree het, funksioneer dit nou sewe keer (en daarby heel prominent!) in perikoop 8. Dit is dan ook hierdie tematiese merker, tesame met die kontraspaar "seën" (3 keer) en "vloek" (5 keer), die νόμος-verwysings (5 keer), die δικαίω-groep (3 maal) en die Abrahamverwysings (4 maal) wat hierdie perikoop saambind. Reeds hierdie teologies-belangrike merkers dui die gewig van hierdie perikoop aan. Dit word verder bevestig deur die groot klem wat Ou-Testamentiese sitate ontvang (5 keer). Ten spyte van die feit dat dit nie sterk op die oppervlakstruktuur van die teks blyk nie, gaan dit egter ook in hierdie perikoop nog wesenlik om die πνεῦμα. Dit blyk daaruit dat die kerninhoud van die Abrahamseën, wat nou ook die heidene se deel geword het langs die weg van die regverdiging deur die geloof, die ἐπαγγελία τοῦ πνεύματος is (v14b)! Die uitspraak in vers 14b is op enigsins onelegante wyse aan die klimaktiese vers 14a aangehang deur middel van 'n tweede ἵνα wat moet uitspel wat tot dusver met die Abrahamseën bedoel is: dat die vervulling van die seënbefoorte in die ontvangs van die Gees bestaan! Daarom is τοῦ πνεύματος 'n epeksegetiese genitief. Mussner verklaar tereg: "Jetzt erfahren wir aber auch endgültig, was in 3:2 schon angedeutet war, dass die Segensverheissung, die einst dem Abraham für die Völker gegeben wurde, konkret im Pneuma besteht".⁴³ Paulus is dus nog steeds besig om te appelleer op die ervaring van die Galasiërs: dit was deur die prediking van die evangelie van regverdiging deur die geloof dat julle die Abrahamseën, dit wil sê die Gees, deelagtig geword het. Gevolgtrekking: hierdie is die ware evangelie, nie dié een van wetswerke nie. Hoe kon julle dan so onnosel wees (ἀνόητοι - 3:1,3) om daarvan afvallig te wil word?

Nadat ἐπαγγελία in Galasiërs 3:14 as aanhaakwoord gebruik is, word in perikoop 9, binne die kader van die Abrahams-διαθήκη, uitgebrei op die onvernietigbaarheid van God se beloftes.⁴⁴ Naas 'Αβραάμ, ἐπαγγελίαι en διαθήκη funksioneer nou ook die σπέρμα van Abraham, vir wie die toesegings van die Abraham-διαθήκη ten goede kom, as merkers. Hierdie "saad"

word op Christus gedui (3:16), die eskatologiese ontvanger van die Abraham-toesegging. Laasgenoemde is natuurlik in hierdie konteks niks anders nie as die Gees. En uiteindelik is dit juis die gelowiges wat op hulle beurt die Gees van Christus ontvang (4:6).

Aan die einde van perikoop 9 verskyn twee nuwe aanhaakwoorde: νόμος (3:17-18) en κληρονομία (3:18). Eersgenoemde word in perikope 10 en 11 opgeneem, laasgenoemde teruggehou tot in perikoop 12. Perikoop 10 (3:19-22) word saamgebind rondom νόμος (4 maal), die ἐπαγγελία-groep (3 keer) en παράβασις/ἁμαρτία.⁴⁵ Δικαιοσύνη kom wel net een keer voor (3:21), maar herinner ons daaraan dat die opposisiepaar van regverdiging deur die wet *versus* regverdiging deur die geloof nog altyd sterk in die dieptestruktuur van die argument teenwoordig is. Die tema van hierdie perikoop is dat die wet nie die regverdiging kan bewerk nie, alhoewel dit nie teen die belofte is nie; sy funksie is ten opsigte van die sonde: hy het ná die Abrahamsverbond bygekom om die sonde as oortredings na vore te laat tree. 'Ο νόμος en ἡ γραφή is nie heeltemal identies nie. Laasgenoemde is 'n verwysing na 'n spesifieke geskrif in die wet, waarskynlik Deuteronomium 27:26, waarin verwys word na die vloek wat op alle wetsoortreders rus. Die gedagte in 3:22 is dan waarskynlik dat die Skrifuitspraak, as uitdrukking van God se oordeel oor oortreding van die wet, alle mense onder die sonde, en daarom ook onder God se vonnis oor die sonde, saamsluit. Die gedagte in 3:19 is dus geensins dat die wet bedoel was om teen sonde te beskerm, om die sonde in toom te hou nie, maar om die sonde as oortredinge na vore te roep en so op paradoksale wyse juis te instigeer.⁴⁶

Aan die einde van perikoop 10 het πίστις sterk na vore getree. In kontrastering met νόμος funksioneer dit nou in die eerste paragraaf (3:23-25) en in die eerste vers (v26) van die tweede paragraaf (3:26-28) van perikoop 11, om dan vervang te word deur Χριστός ('Ιησοῦς) wat kollokatief in dieselfde semantiese gleuf funksioneer. Die rol van die wet word nou op tweeërlei wyse beskrywe: die gelowiges is "bewaak onder die wet" (ὕπὸ νόμον ἐφρουρούμεθα) en die wet was hulle παιδαγωγὸς εἰς Χριστόν. Hierdie twee uitdrukkings sluit by mekaar aan. Albei kan positief, negatief of neutraal verstaan word. In die eerste geval sou die wet betrokke wees by 'n positiewe oppas- en opvoedingsaksie. In die tweede geval is die wet die nare oppasser, die boelie-toesighouerslaaf wat die kinders in hulle opvoedingsproses geterroriseer het.⁴⁷ In die breër konteks van Galasiërs waar Paulus wet en geloof so sterk kontrasteer, sou hierdie tweede vertolking waarskynlik beter inpas as die eerste. Maar aangesien God vermoedelik as

die handelende onderwerp by ἐφρουρούμεθα beskou moet word⁴⁸, moet ons myns insiens eerder kies vir die neutrale verstaan van die rol van die wet. In daardie geval moet die twee εἰς-formulerings in 3:23 en 24 teleologies, dit wil sê in die sin van "met die oog op" of as temporeel (totdat/tot op) verstaan word. In die tweede helfte van hierdie perikoop funksioneer die Christusbepaaldheid van die gelowiges se nuwe bestaan as die groot werklikheid wat alle onderskeidings van die ou bedeling volledig oorskadu. Ons kan die tema van hierdie perikoop soos volg formuleer: *Geloof as die weg waarlangs ons deur God geregverdig word, hef die bewakingsfunksie van die wet op. Nou is die allesbepalende werklikheid dat ons in Christus deur die geloof kinders en daarom ook erfgename is.* Die twee belangrike terme "kinders" (3:26) en "erfgename" (3:29) word hierna in perikoop 12 in chiasiese volgorde aan die orde gestel.

Die eerste twee paragrawe (4:1-2 en 4:3) van perikoop 12 (4:1-7) word oorheers deur die tematiese merker κληρονόμος, maar dan die "erfgenaam" meer spesifiek as 'n νήπιος. As sodanig staan hy nog onder toesig en verskil prakties niks van die slaaf nie. Toegepas op die gelowiges: hulle was voorheen νήπιοι, "verkneg" onder die στοιχεῖα τοῦ κόσμου (4:3). Die verslawings- of knegskapsmotief (δοῦλος, δουλώω/δουλεύω, δουλεία) wat hier sterk na vore begin tree en waarop reeds in 4:1 gesinspeel is, sal hiervandaan 'n belangrike rol in die argument speel, veral wanneer dit later saam met die vryheidsmotief 'n opposisiepaar vorm.

Die heilshistoriese wending met Christus se sending (4:4-5) kontrasteer opvallend sterk met die voorafgaande. Dit word as so dramaties en heerlik beleef dat die styl himniese karakter begin vertoon. As gevolg van Christus se menswording en "vrykopende" sterwe (vgl 3:13) is die gelowiges se knegskap (4:1-3) nou omskep in kindskap (υἰοθεσία - 4:5 vgl verder υἱός in 4:6-7). Die perikoop vind sy klimaks in 4:7. Die sending van die Seun word opgevolg deur die sending van die Gees van die Seun wat in ons harte "uitgestort word". Die kindskapsbelewenis van die gelowiges word klimakties verwoord in die ἀββᾶ-roep van die Gees. Hieruit blyk nog eens die korrektheid van ons vroeëre stelling dat hierdie hele argument oorheers word deur die Galasiërs se ontvangs van die Gees. Dit het in perikoop 7 met die ontvangs van die Gees begin, en bereik nou hier, naby die argument se einde, sy klimaks. In die opsommende slotparagrafie (4:7) word die drie belangrike tematiese merkers δοῦλος, υἱός en κληρονόμος byeengebring en in heilshistoriese volgorde gerangskik.

Teenoor die voorafgaande hoogtepunt vorm perikoop 13 wat, soos ons reeds gesien het, 'n *inclusio* met perikoop 7 vorm, 'n antiklimaks. Binne die Pauliniese oorredingstrategie het egter juis dít buitengewone effek. Die Galasiëse optrede moet immers so, *in sy kontras teenoor die wonder en rykdom van kindskap*, as onbegryplike dwaasheid blyk (3:1,3 en 4:9). Die belangrikste tematiëse merkers is nou *δουλεῦω* en die kontraspaar "God/nie-gode".⁴⁹ Hierdie verknegting aan die afgode, aan die "basiese elemente", hierdie "returning to beggarliness"⁵⁰, kontrasteer jammerlik met die rykdomme van kindskap en erfgenaamskap.

In hierdie tweede fase van sy argumentasie beroep Paulus hom dus nie op die Goddelike herkoms van sy evangelie nie, maar op die Galasiërs se belewenis van die ryke geestelike seën, by name die ontvangs van die Gees, wat die evangelie van die regverdiging deur die geloof vir hulle gebring het. Dit kon die "valse evangelie" van Christus *plus wetswerke*, soos die nakoming van heilige dae en geleenthede (4:10) en die besnydenis (wat hy egter tot later terughou: perikope 16,21), nie vir hulle gee nie. Dit bring intendeel net verknegting en verarming mee. Hy appelleer dus by implikasie op hulle om die een verstandige ding te doen: hulle dwaasheid in te sien en na die ware evangelie terug te keer.

Die vraag sou gestel kon word in hoeverre hierdie beroep op die Geeservaring van die Galasiëse gemeentes inderdaad as 'n kragtige argument na die bedoelde lesers sou oorkom. Ons moet egter onthou dat die lesers hulle bekering uit die heidendom as 'n dramatiese bestaansomwenteling moes beleef het wat op besonder geprofileerde wyse gekenmerk is deur die ontvangs en werkinge van die Gees.⁵¹

D Perikope 14-20 (Gal 4:12-6:10): Appellerende fase (vgl sketse A en B)

D1 Perikope 14-16 (Gal 4:12-5:12): Eerste deel van appèl

Wat in die voorafgaande argument 'n aanspreke van die Galasiërs se *redelikeid* was, word nou 'n volskaalse appèl op hulle *gevoel* en *wil*. Die wyse waarop perikoop 14 in die geheelbetoog inpas, is redelik voor die hand liggend en hoef nie hier breed uitgespel te word nie. Paulus doen 'n beroep op die Galasiërs om opnuut met hom te identifiseer en herinner hulle aan die noue band wat daar tussen hulle en hom bestaan het: hulle het hom destyds op die hande gedra en die hoogste agting betoon. Hulle sou letterlik alles vir hom gedoen het (4:13-15). En nou wil die dwaalleraars 'n wig tussen hulle en hom

indrywe (4:17-18). Van sy kant identifiseer hy hom nog net so sterk met hulle. Daarom spreek hy hulle aan met die familiële term τέκνα μου (4:19). As stigterapostel het hy destyds aan hulle geboorte gegee. Hy is egter nou, vanweë hulle dreigende afvalligheid, opnuut in "barensnood" oor hulle en wag in spanning op 'n tweede geboorte waarby Christus opnuut in hulle gestalte sal kry, dit wil sê wanneer hulle opnuut die ware kruisewangelie sal omhels.

Hierdie laaste paragraaf (4:19-20) van perikoop 14 bied verstaansprobleme. In vers 20 verskyn die sogenaamde πόθος-motief⁵² waarin Paulus sy begeerte uitspreek om sy swak "briefteenwoordigheid" met sy persoonlike teenwoordigheid te vervang. In daardie geval sal hy sy stem so moduleer (ἀλλάξαι) dat hulle inderdaad sal snap dat (= ὅτι) hy oor hulle verslae is (ἀποροῦμαι ἐν ὑμῖν). Betz vermoed met reg dat Paulus op hierdie stadium, na die grofgeskut van die vorige argumente, besef dat hy sy gehoor van die tafel gegee het en nou bang is dat hy hulle heeltemal kan verloor. Daarom moet hy sy eie posisie nou afplat.⁵³ Met die erkenning van sy eie radeloosheid, bou hy aan die Galasiërs se selfbeeld en probeer hy nuwe inisiatief by hulle wakker maak.

Perikoop 15 is 'n duidelik afgeronde eenheid rondom die Hagar-Sara allegorie. Na sy sterk emosionele appél spreek Paulus sy geënkodeerde lesers nou aan op die (sterk emotiewe) vryheidsmotief. Die gedeelte word oorheers deur 'n hele groepering van opposisionele merkers:

die slavin Hagar
die seun van die slavin
die Sinaiverbond
die huidige Jerusalem

die vrye Sara
die seun van die vrye vrou
(die Abrahamverbond)
Jerusalem daarbo

Paulus keer na die Abrahamsgeskiedenis terug. Soos in hoofstuk 3 is begrippe soos seunskaap, die Abrahamitiese "toesegginge" en erfgenaamskaap prominent. Die belangrikste verskil is egter dat die klem nou op die vryheidsmotief val (ἐλευθέρα: 5 keer) teenoor die knegskapmotief (παιδίσκη: 5 maal; δουλεία/δουλεύω: 2 keer; vgl ὑπὸ νόμον). Die argument word versterk deur twee aanhalings uit die Abrahams-vertellings. Die tweede sitaat (4:30) skep 'n meesterlik verskuilde implikatuur. Die suggestie is dat ook die dwaalleraars "uitgesmyt" (vgl ἐκβαλε) moet word. Die slotsin van hierdie perikoop (4:31) met sy gevolgtrekkende διό en renominaliserende ἀδελφοί kry sterk gewig. Geplaas voor die keuse tussen die παιδίσκη en die ἐλευθέρα,

word die Galasiërs op die gewone *semantiese* vlak aan hulle identiteit as vryheidsmense herinner, maar op die *pragmatiese* vlak gedring om hierdie identiteit te herontdek en daarmee te herassosieer. Die retoriese gewig van die klimaktiese τῆς ἐλευθέρας in die slotgleuf van die betrokke sin, en trouens van die hele perikoop, dra hiertoe by. Die statusaspek speel hier ongetwyfeld 'n belangrike rol.

Navorsers aanvaar feitlik eenparig dat 5:1-12 (perikoop 16) 'n kohesiewe eenheid is. Kohesie word geskep deur deurlopende aktante: Paulus se ἐγώ (eksplisiet of in die eerste persoon werkwoorde teenwoordig), die ὑμεῖς (vgl ook die tweede persoon uitgang). Die teenstanders, na wie uiteenlopend verwys word, figureer veral in die tweede paragraaf (5:7-12). Die besnydenismerkers (vgl 2:3)⁵⁴ tree nou sterk na vore. Hulle funksioneer in kombinasie met νόμος en in opposisie tot Χριστός ('Ιησοῦς).

Waaroor geleerdes wel verskil, is die vraag of 5:1 en volgende verse reeds as die begin van die paranetiese deel van Galasiërs moet geld of nie. Verskeie navorsers is van mening dat dit wel die geval behoort te wees.⁵⁵ Maar ten spyte van die sterk στήκετε van 5:1 is hierdie perikoop nie werklik 'n etiese oproep nie, en kan dit daarom reeds nie as paraneties geld nie.⁵⁶ In werklikheid is dit 'n konsekwente voortsetting van die appellerende fase wat in 4:12 begin het. Daar word sterk na die rejudaiseerders verwys en die besnydenis, as een van die vereistes wat hulle stel, word nou pertinent gefokus.

Na die formulering van die Galasiërs se status en identiteit in die afsluitende klimaks van perikoop 15, volg in 5:1 'n sterk imperatief. Hierdie imperatief is enersyds gegrond op die voorafgaande indikatief; andersyds word die argumentatiewe druk wat reeds in daardie indikatief vervat was, nou openlik opgeneem. Die metode van *Stichwort*-verbinding word voortgesit. Waar die voorafgaande perikoop op ἐλευθέρας geëindig het, begin perikoop 16 met τῇ ἐλευθερίᾳ ...ἐλευθέρωσεν. Die vryheidsmotief neem vroeëre verwysings op (2:4 en 4:21-31; vgl 3:13; 4:5,7) en staan nie net in opposisie tot die slawejuk van 5:1c nie, maar ook tot talle vorige knegskapsverwysings soos in 2:4 en perikope 12-13 en 15.

Hierdie perikoop is 'n openlike worsteling vir die lojaliteit van die Galasiërs. Die oproep dat hulle in hulle Christelike vryheid moet vasstaan, word daarin gefundeer dat 'n standpunt van Christus plus die besnydenis 'n terugval in die regverdiging uit wetswerke en daarom 'n streep deur die evangelie van Christus en sy genadewerk sal wees (5:2-4). Galasiërs 5:7-12 word op die oordedende vlak veral gekenmerk deur die gebruikmaking van

die tegnieke van *identifisering* en *vervreemding*. Die Galasiërs word (deur die kompliment wat hy hulle maak in 5:7,10) enersyds gelok om met Paulus se evangelie te identifiseer. Hulle word ook doelbewus nie as die *sondebokke* nie, maar as die *slagoffers* van ander se optrede geteken (5:7,10,12). Daarteenoor funksioneer die teenstanders as belhamels (5:7,8,9,10,12). Hulle word ten slotte in 5:12 met 'n grimmige kwinkslag (ἀποκόφονται) op die περίτομή as't ware geëlimineer. Boertige humor kan in die regte konteks 'n buitengewone retoriese effek hê!

D2 Perikope 17-20 (Gal 5:13-6:10): Tweede deel van appèl

In my vorige artikel is gemotiveer waarom hierdie perikoopgroep waarskynlik nie as 'n aparte paranetiese hoofdeel beskou moet word nie.⁵⁷ Dit het wel 'n sterker paranetiese karakter as die voorafgaande. Tog sluit dit tematies nog so eng by die voorafgaande perikope aan dat dit in die konteks tog eerder as 'n soort korrekatief op 'n moontlike misverstand van die voorafgegane vryheidsbeklemtoning verstaan moet word. 'n Goeie analogie sou die verband tussen Romeine 5 en 6 wees: Romeine 6 dien as 'n "korrekatief" op die beklemtoning van die genade in Romeine 5. Paulus wil hier waarskynlik, soos in Romeine 6, moontlike kritiek dat hy 'n libertinistiese evangelie verkondig, die mond snoer (vgl Rom. 3:8) - 'n kritiek wat deur sy voorafgaande klem op die Christelike vryheid as't ware uitgelok word.

Afgesien van die vryheidsmotief wat nog steeds funksioneer (5:13), word die stelling in Galasiërs 5:6 aangaande die geloof wat "deur liefde werk", hier inhoudelik verder gevoer en sou dit byna as opskrif kon geld. Die σάρξ-πνεῦμα opposisie wat hier sterk figureer, kom ook reeds vroeër voor (3:3; 4:29). Waar Paulus voorheen die verkeerde *teologie* van 'n "vleselike" benadering, wat niks anders is as die teologie van wetswerke nie, aangetoon het, gaan hy nou, deur 'n vergelyking van 'n etiek van die πνεῦμα met 'n etiek van die σάρξ, die onaanvaarbaarheid van laasgenoemde se *etiek* aantoon. Positief toon hierdie vergelyking egter ook die volledige superioriteit van die Pauliniese evangelie teenoor die "valse evangelie" aan en word ook hierdie betoog dus 'n argument vir die outentisiteit van die Pauliniese boodskap. Die Heilige Gees is 'n geweldige "wapen" in Paulus se arsenaal waaroor die teenstanders nie beskik nie. 'n Etiek van die Heilige Gees is iets geweldigs. Opmerklik is dat νόμος nou in hierdie konteks drie keer positief funksioneer (5:14,23; 6:2; anders egter in 5:18).

In perikoop 17 word die ἐλευθερία-motief van die vorige perikoop onmiddellik weer tematies opgeneem en dan inhoudelik met die ἀγάπη gevul. Soos in Romeine 13:8,10 word die liefde beskryf as die vervulling van die wet (5:14). Galasiërs 5:18, daarenteen, gryp terug op negatiewe uitvoeringe in die vroeëre betoog (3:23; 4:4-5,21), waar dit gegaan het om die wet as heilsmiddel *teenoor* die geloof.

Perikoop 18 het as tema die "wandel deur die Gees". Dit word in wisselende bewoording drie keer beklemtoon (5:16,18,25). Hierdie perikoop is 'n ringskomposisie. Dit word omraam deur die *inclusio* ("wandel deur die Gees") in verse 16 en 25. Die lewe deur die Gees, waardeur die liefde as die eerste faset van die vrug van die Gees moontlik word, is inderdaad die ware vryheidslewe.

Perikoop 19 is 'n konkrete toespitsing van die voorafgaande. Die verwysing na die Galasiërs as πνευματικοί hoef nie ironies verstaan te word nie. Dit is eerder 'n heropname van die "wandel deur die Gees"-motief van die vorige perikoop. Die verantwoordelikheid van die Galasiërs om hulle vryheid deur die beoefening van die liefde reg te beoefen, dit wil sê hulle hele lewe onder beheersing van die Gees te lewe, word noukeuriger uitgespel. Die "vervulling" van die "wet van Christus" (6:2) is duidelik 'n terugreferensie na 5:14. Die funksie van die parentetiese waarskuwings in Galasiërs 6:1c en 6:3-5 is problematies. Albei besit binne die konteks paranetiese karakter. Terselfdertyd bestaan daar waarskynlik 'n saaklike verband tussen hierdie twee parentesies. Verse 3-5 presiseer vermoedelik waarop in vers 1c gesinspeel is.

Perikoop 20 is hoofsaaklik 'n etiese vermaning. Sy skerp kant word verkry vanuit die eskatologiese perspektief waarbinne dit funksioneer. Die tematiese opposisiepaar σπείρω - θερίζω speel hier 'n oorheersende rol, terwyl die σάρξ - πνεῦμα kontras nog steeds funksioneer (6:8). Hierdie etiese vermaning binne eskatologiese perspektief herinner sterk aan die slot van Romeine 6 (6:21-23). Opvallend dat die verkryging van die ζωὴ αἰώνιος in albei gedeeltes 'n rol speel. Ons het reeds gesien dat die groter geheel van Galasiërs 5:13-6:10 ook aan Romeine 6 herinner.

E Perikope 21-22 (Gal 6:11-18): Briefafsluiting (vgl sketse A en B)

Soos elders in sy briewe⁵⁸ sluit Paulus Galasiërs eiehandig af. Sodoende verseker hy sy lesers van die outentisiteit van sy skrywe. Hy wil egter meer doen: "Wenn er schon persönlich nicht bei ihnen sein kann (vgl 4,20), will er

sie zum Schluss des Briefes wenigstens auch eigenhändig zur Einsicht und Umkehr ermahnen."⁵⁹

Betz vind die retoriese *peroratio* in die briefslot terug en beweer: "It contains the interpretive clues to the understanding of Paul's major concerns in the letter as a whole and should be used as the hermeneutical key to the understanding of the intentions of the Apostle."⁶⁰ Daarmee word egter te hoë verwagtinge geskep. Betz se stelling dat verse 12-17 'n *peroratio* is wat feitlik identies is met 'n *recapitulatio*, met ander woorde 'n samevatting van die hoofbetoog⁶¹, kan toetsing aan die teks nie deurstaan nie.⁶² Dit is egter wel so dat die briefslot ten nouste aansluit by die gedagtegang en pragmatiek van die res van die brief. Dit is dus geensins 'n bloot formele aangeleentheid nie. Dit is inderdaad 'n finale poging om die Galasiërs van hulle dwaalweg te laat afsien en tot die ware kruisevangelie terug te bring. Spore van die *indignatio* en veral die *conquestio* kom egter wel voor.⁶³

In perikoop 21 (6:11-17) maak reeds goeie bekende tematiese merkers nog eens hulle verskyning: *σάπξ* (2 keer), *περιτέμνω/περιτομή* (4 maal). *Νομός* figureer vir oulaas nog een keer (v13). *Καυχᾶσθαι* figureer twee keer en wel in 'n *Stichwortverbindung* tussen twee paragrawe (vgl verse 13 en 14). Wat veral opval, is die prominente aanwending van die *σταυρός*-woordgroep (3 maal), wat die gedagte van Christus se heilbrengende sterwe (1:3-4; 2:19-21; 3:1; 5:11) voortsit. Soos in die *συνσταυρώ*-motief van 2:19 (vgl ook 5:24) word Paulus se persoonlike betrokkenheid by Christus se lyding hier egter sterk beklemtoon. Hierdie betrokkenheid is egter nie net 'n geloofsverbondenheid nie, maar ook een in fisiese lyding (vgl 6:17).

Die verwysing na die "groot letters" waarmee Paulus skrywe, het al veel bespiegeling uitgelok. Sy retoriese aspekte is egter verwaarloos. Mussner⁶⁴ meen die "groot letters" moet die belang van wat Paulus gaan sê, beklemtoon. Dit wil egter eerder voorkom of ons binne die betrokke konteks 'n antitetiese verband moet sien tussen die "groot letters" van die apostel en die "mooi vertoning in die vlees" van sy teenstanders. Het hierdie "groot letters" afgesteek teen die netjiese handskrif van 'n *καλλιγράφος*? Was hulle lomp as gevolg van 'n fisiese kwaal of probleem? Vanuit die konteks wil dit in elk geval voorkom of hierdie letters nie juis 'n "mooi vertoning" gemaak het nie en dus die verwysing na die besnydenis as 'n poging om 'n mooi vertoning na die vlees te maak antiteties na vore roep. So staan die "groot letters" in saaklike verband met wat Paulus verder oor sy eie "kruisbestaan" skrywe, onder meer oor die *στίγματα τοῦ Ἰησοῦ* wat hy in sy liggaam omdra (6:17).

Die basiese binêre opposisie wat dwarsdeur die Galatebrief loop, tree ook hier na vore. Dit word nou gekonkretiseer in die kontras tussen Paulus en die dwaalleraars. Laasgenoemde se aandrang op die besnydenis is met bymotiewe en staan volgens Paulus in verband met die *σάρξ*. *Σάρξ* (6:12,13) het in hierdie konteks te make met ons uiterlik-menslike bestaan, maar dan losgemaak van en gevolglik staande teenoor God. Dit wil in hierdie konteks die besnydenis nie net as 'n *uiterlike* en daarby as *menslike* handeling karakteriseer nie, maar ook as 'n stuk menslike prestasie waarop "geroem" word, wat dus aan die mens 'n sekere staanplek voor God sou gee. Hierteenoor kan Paulus maar net in die kruis "roem" (6:14). Sy evangelie ken geen menslike selfprestasie nie. Dit ken net genade, kruisgenade. In sy inkorporasie by Christus se kruisdood is ook hyself "gekruisig" vir die *κόσμος*. In hierdie nuwe Christuswerklikheid is besnedenheid of onbesnedenheid nie meer van belang nie (6:15). Hier geld alleen of 'n mens 'n nuwe skepping in Christus is (vgl Ps 2:20; 3:27v; 2 Kor 5:17).

Die lewensreël (*κανών*) van 6:16 het te make met die boodskap van die kruis en die nuwe bestaan in Christus. Daar word 'n seën uitgespreek oor almal wat volgens hierdie norm lewe. Betz⁶⁵ verwys na die dubbele vloek wat aan die begin van die brief uitgespreek is oor elkeen wat 'n "ander evangelie" verkondig. As ons die slotseën byvoeg, word die dubbelvloek nou met 'n dubbelseën gebalanseer. Hier word dus 'n netjiese ring voltooi. Mis-kien speel die tweesnydende verbonds-uitsprake van Deuteronomium 27-28 (vgl Ps 125:4-5) hier 'n rol. Daarom dat Paulus van die "Israel van God" gewag maak.

Galasiërs 6:17 neem weer eens die motief van Paulus se lotsverbondenheid met die gekruisigde Christus op. Ten opsigte van die *στίγματα τοῦ Ἰησοῦ* herinner Betz⁶⁶, op voetspoor van Quintilianus, aan Cicero se besonder effektiewe strategie om die verdedigde se meriete uit te wys deur middel van sy oorlogswonde. Paulus pas hier 'n soortgelyke strategie toe. Sy "meriete-wonde" is die "littekens van Christus" wat tydens 'n veelbewoë, apostoliese bediening opgedoen is. Sy liggaam is die persoonlike waarmerk van die evangelie wat hy verkondig. Pragmaties doen hierdie uitspraak 'n finale appèl op sy lesers: Gaan hulle vir die ware evangelie kies waarmee hy homself so vereenselwig het dat selfs sy fisiese toestand die spore daarvan dra, of gaan hulle kies vir die "valse evangelie" van dwaalleraars met soveel selfsugtige bymotiewe? So eindig die brief "open-ended", maar met die implikasie dat daar tog eintlik *net een regte reaksie* kan wees.

Alhoewel in meer as een opsig 'n onstuimige brief, vertoon Galasiërs 'n sterk kohesiewe geheelpatroon, en word sy oorredende opset konsekwent tot aan die slot-amen volgehou.

Notas

- 1 A B du Toit, "Analise van die opbou, argumentasiegang en pragmatiek van die Galatebrief: 'n Eerste oriëntering", *SK* vol 11 (1990), 155-165.
- 2 Meer besonderhede by Du Toit, *a w* 1990, 155.
- 3 Onderhandelings word gevoer om hierdie kolonindeling as 'n bylaag by *Neotestamentica*, lyfblad van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika, uit te gee gedurende 1992.
- 4 Kyk A B du Toit, "Primitive Christian belief in the resurrection of Jesus in the light of Pauline resurrection and appearance terminology," *Neot* vol 23 (1989), 309-330.
- 5 H Schlier, *Der Brief an die Galater* (KEK 7), Göttingen ⁴1965, 28.
- 6 A B du Toit, "Persuasion in Romans 1:1-17", *BZ* vol 13 (1989), 192-209.
- 7 *Vide infra*.
- 8 *Vide infra*.
- 9 *A w* 1990, 161. Professor J H Roberts was so vriendelik om my daarop attent te maak dat ons, alhoewel in besondere bewoording, ook nog in Fil 1:12 'n bekendmakingsformule kry.
- 10 N Petersen, "*Prolegomena to a reader-oriented study of Paul's letter to Rome*". (Working paper presented to the Reader Response Seminar of the 1987 SNTS meeting), 24.
- 11 Ten opsigte van gebede wat by die danksegging aansluit, vgl J H Roberts, "Transitional techniques to the letter body in the *corpus Paulinum*", in J H Petzer & P J Hartin, *A South African Perspective on the New Testament* (Essays by South African New Testament scholars presented to Bruce Manning Metzger during his visit to South Africa in 1985), Leiden 1986, 191-192.
- 12 *A w*, 24. D F Tolmie, "Die aanwending van die formele briefelemente in die Brief aan die Galasiërs", in A H Snyman (gasred), *Oor styl en retoriek by Paulus* (Acta Academica D6), Bloemfontein 1986, 24-25, bespreek redes vir die weglating van 'n danksegging.
- 13 Vgl J L White, "Introductory formulae in the body of the Pauline letter", *JBL* vol 90

(1971), 91-97; H D Betz, "The literary composition and function of Paul's letter to the Galatians", *NTS* vol 21 (1975), 359; S K Stowers, *Letter writing in Greco-Roman antiquity* (Library of Early Christianity), Philadelphia 1989, 87. Roberts, *a w*, 189, formuleer versigtig: 'n uitdrukking van verbasing "may be encountered."

- 14 A Oepke & J Rohde, *Der Brief an die Galater* (ThHK 9), Berlin ⁵1984, 53.
- 15 *Vide infra*.
- 16 E de W Burton, *A critical and exegetical commentary on the Epistle to the Galatians* (ICC), Edinburgh 1948, 72-73.
- 17 Vgl F Blass, A Debrunner & F Rehkopf, *Grammatik des neutestamentlichen Griechisch*, Göttingen ¹⁴1975, § 370: "befürchtete Folge".
- 18 Vir die aard van die saak waaroor gebots is, vgl Hand 15:1vv.
- 19 R N Longenecker, *Galatians* (Word Biblical Commentary 41), Dallas 1990, 56 lê klem op laasgenoemde, maar kyk mis dat die klem baie sterk juis op Paulus se *evangelie* val (vv 2, 5,7).
- 20 U Borse, *Der Brief an die Galater* (RNT), Regensburg 1984, 119.
- 21 Oa Schlier, *a w*, 87; D Guthrie, *New Testament Introduction. The Pauline Epistles*, London 1966, 90; F Mussner, *Der Galaterbrief* (HThK 9), Freiburg 1974, 167; H D Betz, *Galatians* (Hermeneia), Philadelphia 1979, 115; Borse, *a w*, 112.
- 22 J Smit, "Opbouw en gedachtegang van de brief aan de Galaten. Vier studies" (doctorale proefschrift), Nijmegen 1986, 54-55.
- 23 *A w*, 87.
- 24 πιστευμαι in 2:7 lê in 'n ander semantiese veld.
- 25 Kyk bv Burton, *a w*, 124-130; Longenecker, *a w*, 88-90.
- 26 So tereg Mussner, *a w*, 176-177; Borse, *a w*, 114-115.
- 27 Dit is in die konteks eerder 'n vraag as 'n stelling. *Contra* Borse, *a w*, 114-115.
- 28 H D Betz, "The literary composition and function of Paul's letter to the Galatians", *NTS* vol 71 (1974), 367-368; *a w* 1979, 114-127; vgl. ook Lategan, *a w*, 426-430.
- 29 Betz, *a w* 1975, 368.
- 30 *Idem*.

- 31 *A w* 1979, 124.
- 32 *A w*, 429-430.
- 33 *A w*, 88.
- 34 E M Rogers (ed by J Callow), *A semantic discourse analysis of Galatians*, Dallas 1989, V, 62-63, wil hierdie eenheid byvoorbeeld laat deurloop tot 6:16!
- 35 *Vide infra*.
- 36 *A w* 1975, 368.
- 37 *Idem*, 366.
- 38 *Idem*, 369.
- 39 *Idem*, 369-370.
- 40 Soos reeds in my vorige artikel (*aw* 1990, 156-158) gestel, moet aanvaar word dat Paulus retoriese tegnieke gebruik het, maar dan sonder om die briefkonvensies te verdring. Hoewel R N Longenecker, *a w*, versigtiger is as Betz, beklemtoon ook hy myns insiens die retoriese konvensies ten koste van die epistolêre konvensies.
- 41 W Bauer, *Wörterbuch zum Neuen Testament*, Berlin ⁵1963, s.v.
- 42 B H Brinsmead, *Galatians - dialogical response to opponents* (SBLDS 65), Chico 1982, 82-83.
- 43 Mussner, *a w*, 235.
- 44 "Toeseggings" sou eintlik in die konteks beter wees omdat die Afrikaanse woord "beloftes" nie dieselfde mate van sekerheid besit nie.
- 45 Net twee voorkomste, maar prominent aan die begin en einde.
- 46 Schlier, *a w*, 152; Mussner, *a w*, 245-246.
- 47 Vgl oor hierdie saak veral Betz, *a w* 1979, 177.
- 48 Mussner, *a w*, 255.
- 49 Waarmee saamgaan die στοιχεῖα in 4:9.
- 50 Guthrie, *a w*, 121.
- 51 Kyk H D Betz, "Geist, Freiheit und Gesetz", *ZThK* vol 71(1974), 83-86.

- 52 Vgl Betz, *a w* 1979, 236.
- 53 Betz, *idem*, 237.
- 54 In 2:7-12 het hulle 'n ander semantiese funksie.
- 55 Vgl die oorsig by D K Fletscher, *The singular argument of Paul's letter to the Galatians* (UMI 3592), Ann Arbor 1982, 128-131.
- 56 O Merk, *Handeln aus Glauben. Die Motivierungen in der Paulinischen Ethik*, Marburg 1968, 99; Fletscher, *a w*, 129-131.
- 57 Du Toit, *a w* 1990, 163-164.
- 58 Kyk Borse, *a w*, 218-219 vir 'n goeie samevatting.
- 59 *Ibidem*.
- 60 *A w* 1979, 313.
- 61 *A w* 1975, 357.
- 62 Vgl ook J Smit, "The letter of Paul to the Galatians: a deliberative speech", *NTS* vol 35 (1989), 5.
- 63 Teen Smit, *ibidem*. Ek beplan om in 'n verdere artikel hierop uit te brei.
- 64 *A w*, *ibidem*.
- 65 *A w* 1975, 379.
- 66 *A w* 1979, 323.